# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 | Julie 1995 | Vol. 6

# WAAROM GEREFORMEERD ?

## Gereformeerd of christelik?

Dis nogal 'n ongemaklike vraag: weet ek hoekom ek gereformeerd is? Gereformeerd-wees behels veel meer as om lidmaat van die gereformeerde "kerk(verband)" te wees. Gereformeerd-wees het 'n lang geskiedenis. Calvyn het 'n duidelike stempel afgedruk op die kerk, en dan veral ook die GKSA. Sy institusie word na eeue nog steeds gelees en as rigtinggewend beskou. In ons huidige tydsgewring moet ons onsself opnuut afvra: weet ons hoekom ons gereformeerd is, of eerder, is ons nog gereformeerd? Calvyn het geweet waarom hy gereformeerd wou wees, maar het die wete dalk by baie van ons as lidmate van die gereformeerde kerke verbygegaan nie. Toe Calvyn sy beroemde Institusie geskryf het, het hy dit nie "die istitusie (onderrigting) van die GEREFORMEERDE godsdiens genoem nie, maar die institusie van die CHRISTELIKE "godsdiens". Vir Calvyn was die gereformeerde leer juis die christelike leer. Hierdie siening het meerendeels by die deursnee gereformeerde vervaag.

## Nie baie sekerheid

Vra jy aan die meeste gereformeerdes waarom hy gereformeerd is, kom mens spoedig agter dat daar hieroor nie baie sekerheid bestaan nie. Daar is in 'n slaggat getrap deurdat die gereformeerde leer nie as die christelike leer gesien word nie, maar as een van baie christelike leerstellings. Verder word daar 'n onderskeid gemaak tussen enkel gereformeerd (dopper) en die breë gereformeerde stroom van die "susterskerke". Dikwels kry mens die onbewuste (hoogmoedige) argument "ons is mos reg" al weet ons nie altyd hoekom nie, of "ons maak nie so nie" al kan daar geen prinsipiële begronding voor gegee word nie.

## Vervlakking

Daar bestaan die gevaar dat gereformeerd-wees gesien word asof dit in die kerkverband geleë sou wees en nie in wat die kerke bely nie (in woord en daad). Die meeste lidmate is in die gereformeerde kerk, omdat hulle in die kerkverband "gebore" is, of in die verband ingetrou het, en die vraag ontstaan of die ouers of eggenoot weet wat die hartaar van die christelike leer is. Of het ons nou die situasie dat daar 'n geslag gereformeerd is, wat nie weet waarom hulle gereformeerd is nie. Hierdie vervlakking (hoofsaaklik as gevolg van swak huis en kerklike kategese) bring verskeie negatiewe gevolge mee. As daar oor die dalende lidmaat getalle gewonder word, moet ons oppas om nie die blare te dokter, terwyl die wortel onaageroerd bly nie.

## Vergeet

Het ons nie dalk vergeet waarvan ons gereformeer het nie, naamlik die Rooms Katolieke kerk. Beleef ons nog in die dorpe en stede hierdie belydenis: ons is die katolieke kerk, die gereformeerde katolieke kerk. Daar is aan die een kant 'n valse verdraagsaamheid oor sake wat nie gereformeerd is nie, terwyl daar aan die anderkant skeie gebreek word as mense wat gereformeerd is (maar nie in dieselfde denominasie is nie) nader aan mekaar beweeg. Sake is nie so eenvoudig om enige gesprek met ander te vermy deur te sê: ons is nie so nie, of om te dink dis gereformeerd om strukturele eenheid in te voer nie.

***IN HIERDIE UITGAWE***


- ⋆ Waarom gereformeerd — P. 1
- ⋆ Skrifoordenking — P. 2
  Gal. 1:10
- ⋆ Godsverwarring (slot) — P. 4
  Wetsombuiging
- ⋆ Die katolositeit van die kerk (2) — P. 5
- ⋆ Jesus en die Psalms — P. 7
  Jesus sit die Fariseërs skaakmat met Ps. 110.

Glo ons regtig in 'n heilige algeme christelike kerk? Baie gereformeerdes het wees 'n gebrek aan kennis (veral Skrifkennis) nie die ywer om te sê: ons is die algemen christelike kerk nie. Hier word nie bedoel dat die ware kerk in die GKSA as kerkverband geleë is nie, dit sou juis Rooms wees. Maar die vraag is of ons as christen (gereformeerdes) leef wat ons bely in NGB 27 - 30. Hoeveel van ons belydenis is nog die sin van ons lewe?

## Nuwe wysies

Gereformeerd-wees is 'n leefwyse met spesifieke kenmerke. Gereformeerd-wees is nie om te maak soos Calvyn in die sestiende eeu gemaak het nie, omdat tye inderdaad verander. Gereformeerd-wees is om aan te hou om die Skrif te beluister soos wat Calvyn daarna geluister het. Kom ons neem 'n voorbeeld: die sogenaamde nuwe wysies van die psalms. Sommige van die "nuwe" wysies, al is dit nou al langer as 'n dekade in (on) gebruik, is nog steeds nuut en onsingbaar vir die gemeentes. Die skrifbeginsel is om God te loof as kerkvolk (gemeente) met die sang, binne die kulturele omgewing soos wat elke gemeente hom bevind. Dit is nie gereformeerd om vas te hou aan "nuwe" wysies wat nie gesing (kan) word nie. Dit is gereformeerd om wysies te hê wat by die inhoud van die psalms pas EN wat deur die gemeente hartlik gesing kan word. Om aan Geneefse melodieë vas te hou net omdat "ons dit nog altyd so gedoen het, of om "nuwe wysies" te probeer net omdat die oueres nie meer deug nie, is beide ongereformeerd. Gereformeerd wees is om met die hart God te wil besing, en om dit daadwerklik te doen, al beteken dit dat daar dalk weer nuut gekomponeer moet word. Ons moet weer die dinamika in die gereformeerde lewe erken en uitleef.

## J.V.

Nog 'n voorbeeld is die kerkjeug. 'n Paar jaar gelede is besluit om die landswye Jeugvereniging (J.V.) te laat ontbind, aangesien die plaaslike kerk meer na vore moes kom. Daar is toe met jeug groepe begin. Miskien was die onderliggende ONgereformeerde besluit dat die jeug in alles onder die oë van die kerkraad moes wees, omdat dit die gereformeerde ding is om te doen. Die teendeel is egter waar - gereformeerd wees is om die volheid van die lewe te erken en as die jongmense meen om hulleself te organiseer in 'n landswye vereniging hoef daar mos nie eers by die kerkraad toestemming daarvoor gekry word nie. Die ouderlinge is daar om oor die leer en lewe toesig te hou, maar om "toestemming of nie" te wil gee oor hoe die gereformeerde jeug hulle self wil organiseer is ongereformeerd, omdat dit die lewe wil reglementeer - en buitendien is 'n juigvereniging nie 'n kerk nie. Dit bestaan nie om die Woord en sakramente te bedien nie. Dit het miskien hoog tyd geword om weer hieroor gereformeerd te dink en 'n landswye Jeugvereniging op die been te bring.

## Lojale verset

Gereformeerd wees is 'n leefwyse. Geréformeerd wees is nie om te wag tot die kerkraad my toestemming vir iets gee nie, gereformeerd wees is nie om te sit en wag net om nie 'n fout te maak nie. Die gereformeerde kerke sal groei as ons weer weet waarom ons gereformeerd is en waarom ons nie iets anders is nie. Miskien het Van Wyk Louw se waarskuwing in Lojale Verset vir ons waar geword naamlik dat dit tragies sal wees as 'n geslag verby gaan sonder verset. Laat ons ons teen alle ongereformeerde, dit wil sê onchristelike, praktyke verset. Laat ons stry vir die waarheid.

A.L.A. Buys

★ ★ ★ ★ ★

*Skrifoordenking:*

# 'n Ware Kerk behaag God

**Gal. 1:10 : "Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie."**

## 'n Lekker kerk of 'n regte kerk?

'n Kerk met 'n boodskap waarvan mense hou of 'n kerk met 'n boodskap waarvan God hou? Dis die boodskap waarvoor die Heilige Gees ons hier stel. Deurgetrek na ons persoonlike lewe, klink die keuse so: die maklike pad of God se pad? Die weg van die minste weerstand of die weg van die waarheid en christelike trou. Daar is natuurlik nie regtig 'n keuse nie, want die Here wys duidelik deur sy apostel dat 'n ware kerk Hom behaag.

## Deurmekaarmakers

Om iemand te behaag of om iemand se guns te soek beteken dat ek daarop uit is om dit te doen waarvan hierdie ander een hou. Dit is wat in die gemeente van Galasië gebeur het: daar het mense gekom wat die evangelie verdraai het en so die gelowiges deurmekaar gemaak het. Die ware evangelie - soos wat Paulus dit aanvanklik aan hulle verkondig het - is dat 'n mens gered word enkel en alleen deur in Jesus Christus te glo. Jy moet alle vertroue op jouself en op jou eie heiligheid en prestasie prysgee en net op die gekruisigde Christus vertrou. Maar hierdie deurme-

kaarmakers het die mese geleer dat jy, naas geloof in Jesus, ook nog sekere wette (bv. die besnydenis) moet nakom vir jou saligheid. Jy's darem nie so hulpeloos dat jy nie ook 'n aandeel aan jou verlossing kan hê nie!

## Mense of God se guns?

Wat moes die apostel Paulus nou doen? Moes hy dit maar los dat die evangelie so 'n bietjie gebuig word - ter wille van sy eie aansien, ter wille van vrede in die gemeente, ter wille van die "reg" wat elkeen op sy eie opinie sou hê? Moes hy maar die dinge sy gang laat gaan en hoop vir die beste? Moes hy ingryp en so die gevaar loop om ongewild te word en om nog olie te gooi op die vure wat alreeds in die gemeente brand? Of moes hy getrou bly aan sy roeping en aan die waarheid wat die Here self aan hom geopenbaar het? Moes hy mense se guns soek, met allerhande regverdigende argumente of God s'n?

## Vervloeking

Luister wat skryf die apostel. En net vir ingeval iemand nie mooi gehoor het nie, of dink dat hy dalk sal skrik vir sy skerp taal en dit 'n bietjie sal versag, sê hy dit twee maal na mekaar: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees". En dit - hierdie optrede van die apostel Paulus in hierdie situasie is 'n sprekende voorbeeld van "wat God behaag, en nie die mense nie". Iemand wat so baie op die spel plaas, die risiko loop om soveel te verloor ter wille van God se saak, dis iemand wat nie mense se guns soek nie maar God s'n.

## Suiwerheid van die evangelie

Natuurlik moet 'n mens oor klein dingetjies toegeeflik wees. In dinge waar ons nie duidelike openbaring van God of voorskrif in die Bybel het nie, moet ons medegelowiges so ver moontlik probeer tegemoetkom. Paulus self het dit meer as een maal gedoen (1 Kor. 9:20). Maar daar waar die suiwerheid van evangelie en die waarheid van die Here se koninkryk op die spel is, daar mag jy nie na mense kyk nie. Daar moet jy doen en sê wat God jou geleer het, al sou dit volgens menslike oorwegings tot pyn en skade en verlies lei.

## Bruikbaar of nie

Om 'n dienskneg (slaaf) van Christus te wees, beteken dat God jou Eienaar is en dat Hy jou met al jou gawes en vermoëns inspan in sy diens. 'n Dienskneg moet met volle toewyding tot sy Eienaar se beskikking wees, dit is van kardinale belang, want 'n christen wat gedurig daarop uit is om mense se guns te wen en om mense te behaag - so 'n mens is nie 'n dienskneg of diensmaagd van Christus nie. So 'n mens verdien nie die eretitel "slaaf van Christus" nie. So 'n mens is nie geskik vir diens as lid van die "personeel" van die Koning van die konings nie. Dit gaan nie net oor apostels of besondere ampsdraers nie, want elke christen is deur God geroep en "getaak" om deel van sy slawekorps te wees. Dit gaan oor elke kerk wat homself 'n kerk van Christus noem, oor elke kerk wat bely dat Jesus sy Here, sy Eienaar is. Met baie foute en gebreke kan ons nou vir die Here bruikbaar wees, maar as jy op hierdie punt tekortskiet, is jy gediskwalifiseer. As ons as kerk meer begaan sou wees oor die goedkeuring van mense as die goedkeuring van God, dan is daar 'n basiese gebrek in ons mondering dat ons Generaal ons nie meer front toe kan stuur nie - en watse soldate is ons dan?! 'n Kerk wat na mense se guns vry bring niks minder as sy status as ware kerk in gedrang nie.

## Nie na die mens nie

Die suiwer evangelie gaan nie massas lok nie, want dis 'n evangelie wat nie na die mens is nie (vers 11). Daarteenoor is die algemene gees van die wêreld 'n filosofie en denksisteem wat die mens voorop stel. In hierdie lewensuitkyk is die mens die alfa en die omega. Die mense se verstand is die finale beoordelaar van dinge. Die mens se vryheid en regte is absoluut en ononderhandelbaar. Wat die meerderheid mense as reg of verkeerd beskou, is die aanvaarde maatstaf vir reg of verkeerd.

Terwyl die suiwer evangelie, en daarom die gereformeerde leer, dit anders sien: Dit praat van die totale verdorwenheid van die mens, sodat hy nooit die maatstaf van enige iets kan word nie. Dit praat van verlossing, en daarom is dit 'n evangelie vir die mens en nie 'n evangelie na die mens nie. Dit praat van verlossing van die mens, waar jy heeltemal moet wegkyk van jouself en jou verlossing buite jouself net in Christus kry. Dit praat van 'n nuwe lewe, deur die Heilige Gees bewerk, waar jy die God van die Bybel weer as die alfa en die omega van jou lewe aanvaar. Hierdie evangelie gaan nie massas lok nie, behalwe as dit in God se raadsplan weggelê is. Ons kan eerder in die wêreld, om dit sag te stel, 'n toenemende "ongemak" met die suiwer evangelie verwag.

## Beginsels afwater?

Wat moet die kerk doen? Vir die pawiljoene speel? Ons beginsels afwater? Die evangelie maar bietjie aanpas om dit nader te bring aan die posisie van die tydsgees? Moet ons ons deur menslike voor- en afkeure laat stuur? Of moet

ons getrou bly, boontoe kyk, God se guns bly soek, al sou ons daarmee die gevaar loop om uitgerangeer te word. Die Heilige Gees sê: as ons mense probeer behaag, kan ons nie kerk van die Here wees nie. Ons moet eerder regte kerk as lekker kerk wees. As mense se goedkeuring vir ons voorop staan, gaan ons alhoemeer gedwing word om kompromieë te sluit, gaan ons treetjie vir treetjie moet terugtree van die Bybelse pad vir 'n Christen af, en waar gaan ons dan eindig?

*"Ons moet eerder regte kerk as lekker kerk wees."*

As ons God se guns soek, gaan ons dalk alhoemeer en meer vir die wêreld 'n verleentheid word, die skyf van kritiek. Dit kan lei tot afnemende invloed in die gang van die wêreld en tot toenemde isolasie. Maar vir die voorreg om 'n dienskneg en diensmaagd van Jesus Christus te wees met alles wat dit inhou - vir die voorreg om 'n ware kerk te wees, is dit nie 'n groot offer nie.

Ds. S.D. Snyman

★★★★★

## *Godsverwarring (Slot)*

### Wetsverbuiging

Daar word tans wetgewing voorberei om aborsie op aanvraag te wetting, en die doodstraf is onlangs deur die konstitusionele hof afgeskaf. Hierdie besluite en voorneme is in direkte teenstrydigheid met die wet van God, hier byvoorbeeld die gebod: "Jy mag nie moord pleeg nie". Dit alles dui daarop dat die wet van God alhoemeer nie as grondliggend vir die samelewing aanvaar word nie. God se wet is die waarheid. Die verwarring oor wat die waarheid is, slaan ook deur in hoe die moderne mens teenoor die wet van God staan.

### Kontras

Die mensdom het nog altyd in wisselende mate die een of ander probleem met die wet van God gehad. Die huidige reaksie van mense op die wet is in skrep kontras met hoe die volk Israel opgetree het toe hulle die wet die eerste keer gehoor het. Hulle het gesê: laat God nie meer met ons praat nie, anders sterf ons. Hulle wil dat Moses as middelaar van God se boodskap optree. By die berg Sinai wil God as't ware stil gemaak word, omdat die boodskap so erg is om self aan te hoor, maar die moderne mens luister soms met verdeelde aandag (selfs in die eredienste) na God se wet. Wat maak die moderne mens so kalm dat hy skaars kennis wil neem van wat God in die wet sê. In die wet van God staan vreesaanjaende waarhede.

### God stilmaak

Die huidige tendens (by die heidendom en self by somige dele van die breë christendom) is ook om God se stem stil te maak wanneer dit by die wet kom. Die moderne mens vra nie dat iemand vir hom intree by God nie, maar probeer op die volgende maniere God se wet stilmaak. Op 'n baie kunstige manier buig die mensdom die wet van God om tot wat meer aanvaarbaar is.

### Gewoond raak

Die eerste manier is om aan die wet gewoond te raak, op so 'n manier dat die uniekheid daarvan verlore gaan. Deur te dink dat mens gewoond raak om die wet te oortree, dink die mensdom God het ook gewoond geraak aan die sonde.

### Nie ernstig nie

Nog 'n manier om die wet se snykant te verstomp is om te sê God tog nie heeltemal ernstig kan wees nie. Veral gelowiges val in hierdie versoeking om te sê "mos": ons is mos in Christus gered. Baie mense gaan op 'n demokratiese manier met die wet om naamlik deur te sê dat al die mense nie die wette van God kan hou nie - God kan dus nie ernstig wees nie omdat dit ondemokraties is. Die mensdom moet tog wette hê wat meerendeels onderhou kan word.

### God se wenke

Derdens is daar die neigings om God se wet aan te pas by jou eie lewensstyl. Die mens leef dan op so 'n manier as wat hom die minste skuldig laat voel, en soos wat hy mee gemaklik voel. Daarom mag mens eintlik nie van die tien gebooie praat nie, maar eerder God se tien riglyne, God se wenke aan die mens. Die mens moet egter self tot 'n soort aanpassing kom met die wet.

### Die wet red

Die mees bekende manier om God se wet stil te maak is om te dink die wet kan jou red. Dit was die Farrisiërs se probleem. In die moderne kultuur is hierdie uitgangpunt van "die-wet-kan-

red" in die menseregte ideologie saamgetrek. Veral die Amerikaners munt uit hierin: daar sal vrede en 'n geordende samelewing wees as daar menseregte is. Die menseregte word hier as die middelaar gsien wat die mensdom van allerlei euwels sal verlos.

Die enigste (en grootste probleem), wat veral die Amerikaners teëkom, is dat hulle geen maatstaf het oor wat euwels is en wat nie. So kom daar 'n botsing tussen verskeie mense se "regte", soos byvoorbeeld die pornografie verspreider wat meen dat hy die reg het om sy kliënte (wat ook 'n reg het) van diens te voorsien. Verder is die mensdom selektief met God se wette. Net sekere wette geld, byvoorbeeld "jy mag nie (my goedere steel nie"), word aanvaar, maar "jy mag geen ander (van jou afgode) aanbid nie", geld nie want dit maak inbreuk op my reg op godsdiensvryheid.

### Mits . . .

Nog 'n baie gewilde manier om God se wette om te buig tot wat vir die mens aanvaarbaar is, is deur die woordjie "mits . . ." Hier neem ons sondag-arbeid as voorbeeld. God se wet sê: ses dae moet jy arbei en die sewende dag rus. Die mensdom pas dit aan deur te sê: die wet geld volledig, mits my werkgewer van my verlang om op Sondag te werk. In plaas daarvan dat christene vereis dat bv. fabrieke ontwerp en gebou word wat net ses dae produseer, sit ons nou in die kerklike lewe met "lidmate wat skoftewerk". En vanuit hierdie "feit" dat die fabrieke aanmekaar moet loop, pas die gelowige se lewe daarby aan, sodat dit al 'n aanvaarbare verskoning geword het waarom erediens nie bygewoon kan word nie. God se skepping is daarvoor ingestel om ses dae se arbeid te hê. Om te beweer dat daar op sondae gewerk moet word. is om te sê God het sy skepping ongebalanseerd ontwerp.

### Sonder Christus

Wat die volk Israel besef het, is weer broodnodig vir die huidige samelewing. Hulle het besef dat hulle 'n middelaar nodig het, om na God se wet te kan luister. Hier word Moses vir die volk Israel 'n voorbeeld van Christus die eintlike middelaar. Wat die mensdom nodig het, is nie 'n algemene handves vir menseregte nie, maar wat benodig word is dat die mens weer opnuut moet kom tot die diepe besef oor wat Christus se verlossing VIR DIE SAMELEWING beteken. Slegs deur Christus kan 'n mens die wet van God vreeloos aanhoor. Sonder Christus wil die mens niks met die wet van God te doen hê nie, omdat die wet, sonder Christus die pad na die dood is. Sonder Christus is die wet 'n verskrikking vir die moderne mens. Sonder Christus kan die moderne mens nie verlos word van sy onwaarhede met betrekking tot die wet van God nie. Sonder Christus kan die mensdom nie verlos word uit sy godverwarring nie.

A.L.A. Buys

★ ★ ★ ★ ★

*Die katolisiteit van die kerk (2)*

## Die volheid van Christus

In die vorige uitgawe is die eerste deel van Prof. dr. L. Floor se artikel "Die hervorming: geen verhuising maar opruiming geplaas. Hier volg deel twee.

Wat Calvyn bedoel met die woord "Katoliek", word deur die apostel Paulus met name in sy tweeling-briewe aan die Efesiërs en die Kolossense weergegee met die woord *pleroma,* volheid.

In Efesiërs 1:23 noem Paulus die kerk die *pleroma,* die volheid van Christus wat alles in almal in almal vervul. Dis moeilike woorde en lank is gesoek na die regte betekenis van hierdie teks.

Die nuwere ondersoek het aan die lig gebring dat met die woord *pleroma,* volheid eintlik bedoel word: magsgebied, domein of dominium. Herman Ridderbos noem die begrip volheid "een almachtscategorie". Die konteks spreek ook baie duidelik van die mag en die heerskappy van Christus.

Paulus wil eintlik hier sê: die kerk is die domein waar Christus domineer, die magsgebied waarin Christus alle mag uitoefen. Die kerk word deur die magsvolle werking van Christus vervul.

### Die hele lewe

Eintlik kan ons Ef. 1:23 soos volg vertaal: die kerk is die magsgebied van Christus wat oor alles en almal regeer. Dit beteken dan dat daar iewers in die wêreld al 'n ruimte is, 'n gebied, 'n terrein waarbinne die heerskappy van Christus al sigbaar is, naamlik in die kerk. Wat in die wêreld nog onsigbaar is, kom in die kerk al aan die lig: Christus heers, Hy regeer hoofde, harte, hande. Mense is na siel en liggaam heerlik onderworpe aan sy heilige wil. *Die hele lewe* is Hom in liefde *volkome toegewy.* Dit is Katoliek!

Wat in die kerk gebeur is 'n voorbeeld vir die wêreld. Dit volledige erkenning van die gesag van Christus, die onvoorwaardelike onderworpenheid aan Koning Jesus moet steeds verder uitkring in die wêreld. Christus is mos Hoof van

kerk en kosmos. Hy het alle mag ontvang in hemel en op aarde.

## Sending

Daarom is daar die sendingarbeid: die roep van die kerk tot die volkere om hulle te stel onder die genadeheerskappy van Christus.

Daarom is daar die evangelisasiearbeid: die terugroep van die afgedwaaldes na die kerk om hulle weer te stel onder die heilsame gesag van Christus.

Daarom is daar die kerstening van die lewe. Alles, onderwys, staat en maatskappy moet gebring word onder die heerskappy van Christus.

Dit gaan nie sonder stryd nie. Dit sal nie volledig gerealiseer word sonder die eindgerig wat kom nie. Naas en teenoor die koms van die Koninkryk van God op aarde, is daar ook die koms en die ontwikkeling van die ryk van die anti-Chris.

## Ryk van God

Daar is in hierdie wêreld waarin God sy Koninkryk bou, ook die mag van die duiwel, die sonde en die kwaad. Daarom staan 'n Christen volgens Calvyn in 'n gekompliseerde houding in hierdie wêreld. Ten opsigte van die Ryk van God staan hy in 'n verhouding van diens, maar ten opsigte van die ryk van die Bose staan hy in 'n houding van stryd.

## Die katolieke karakter van die hervorming

Wanneer ons die werke van Calvyn bestudeer dan moet dit ons tref dat die hervomer uit Genevé 'n diep insig gehad het in die allesomvattende heerskappy van Jesus Christus. Dit kan ons net verklaar uit die noue gebondenheid van die Woord van God.

Die Hervorming in sy Calvinistiese rigting word besonder gekenmerk deur die eksegese van die Bybel.

Naas die *Institusie* wat ook 'n monument van nougesette eksegese genoem kan word, is daar die indrukwekkende ry van Calvyn se kommentare. Behalwe die 2e en 3e Brief van Johannes en die Openbaring van Johannes het Calvyn alle boeke van die Bybel van 'n kommentaar voorsien.

## Verstaan van die skrif

In sy *Acta Synodi Tridentini cum antidoto* trek Calvyn selfs 'n vergelyking tussen die Reformatoriese en die Roomse Skrifuitlegging en dan sê hy in groot beskeidenheid: "Ons het vir die verstaan van die Skrif meer gedoen as alle *doctores* wat sedert die ontstaan van die pousdom in die Roomse kerk opgestaan het."

Op baie plekke in sy kommentare wys Calvyn op die allesomvattende betekenis van die Koninkryk van Christus. Volgens Calvyn het die Koninkryk van God hier op aarde reeds begin met die vleeswording van die Woord, die kruis en die opstanding van Christus, maar die volkomenheid het nog nie aangebreek nie. In die tussentyd regeer Christus ons deur die septer van die Evangelie. God regeer, aldus Calvyn, op so 'n wyse dat Hy die mense bestem tot die ewige lewe en hulle ook daar bring en daarom is dit goed om onder God se heerskappy te buig. In die vernedering onder sy septer, dit is dus onder die verkondiging van die Evangelie, sal die verhoging tot hemelse saligheid voltrek word. Calvyn wys voortdurend op die voorlopigheid van die Koninkryk van God in hierdie bedeling. Die volledige realisering van die Koninkryk sal eers gebeur by die wederkoms van Christus.

## Koningsheerskappy

Daar moet volle aandag aan gegee word dat Calvyn die koningsheerskappy van Christus in hierdie bedeling op die kerk betrek. Die Koninkryk van God het gekom en dit bestaan volgens Calvyn in die geestelike vernuwing van die gemeente. In sy kommentaar op Lukas 17:20 skrywe Calvyn dat die Koninkryk van God niks anders is as die innerlike en geestelike vernuwing van die siel *(interior et spritualis animae revoatio)* nie.

Die Koninkryk van God is daar waar die vergewing van sondes en die aanneming tot kinders van God verkondig word. En dan noem Calvyn die kerk die *regnum Christi spirituale.*

Daar is egter by Calvyn ook sprake van 'n heerskappy van Christus oor die wêreld, maar dan is dit besonder treffend dat Calvyn die heerskappy van Christus oor die wêreld nie afhanklik stel van die heerskappy van die verhoogde Christus nie, maar dit verbind met die tweede persoon van die Goddelike wese, die Logos. Met name in Calvyn se voorlesings en preke oor die boek Daniël vind ons hierdie gedagte. Dat Christus ook Koning oor die wêreld is, geld, aldus Calvyn nie vanaf die hemelvaart nie, want Hy was dit reeds ten tye van die verwoesting van Ninevé.

## Woord en Gees

Wel betrek Calvyn die heerskappy van Christus ook op die wêreld, maar dan is dit sy regering deur Woord en Gees. Onderwerping van die wêreld, aldus Calvyn, gebeur nog nie deur die volledige inset van sy goddelike almag nie, maar

deur die uitnodingende roep van die Evangelie tot geloofsgehoorsaamheid en deur die gawe van die Heilige Gees wat tot geloof en gehoorsaamheid bekwaam maak.

Hier sien ons hoe in Calvyn se Skrifverklaring die Katolisiteit beklemtoon word. Die *pleroma* van Christus, sy heerskappy oor kerk en wêreld word deur die Hervormer uit Genevé so treffend geteken.

Uit: Die Hervorming: Geen Verhuising maak opruiming. Oktober 1976
Prof. dr. L. Floor

(In die Augustus uitgawe plaas ons die derde deel: "Ons katolieke roeping".)

★★★★★

# *Jesus en die Psalms (7)*

## Jesus sit die Fariseërs skaakmat met Psalm 110

### Mt. 22:42 "Wat dink julle van die Christus?"

### Ps. 110:1 "Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand,"

### Luk. 20:42 Dawid self sê in die boek van die Psalms: "Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand."

Wie was Jesus se grootste vyande? Wie het Sy prediking verwerp? Wie het Sy werk as duiwelswerk bestempel? [Lk. 11:15] Is dit die Romeine wat gedurig met Hom wou twis? Of die Grieke en ander heidene? Die antwoord is verstommend: die Fariseërs en die Skrifgeleerdes! Die kerkleiers en die groot teoloë! Hulle was die Bybelkenners van hulle tyd. Die boekrolle van die Ou Testament het hulle voortdurend bestudeer. Ook die psalms. Ook Ps. 110.

### Irriterende voorvalle

En nou was dit alweer een van daardie irriterende voorvalle wat in die tempel plaasvind het [Mk. 12:35]. Jesus preek maar Hy word aanhoudend in die rede geval. Eers is dit die Saduseërs ['n godsdiensgroep wat die opstanding verwerp] en dan weer die Fariseërs. Hulle laat Jesus net nie met rus nie. Dat Hy die Saduseërs se monde met sy dodelike antwoorde gesnoer het, het die Fariseërs op hulle beurt laat lekkerkry. Dit was nou sommer 'n puik antwoord.

### Kernvraag

Maar daarmee het Jesus nog nie die Fariseërs afgehanderl nie. Die allerbelangrikste kernvraag word nou in hulle midde gelê. Dit is die mees kardinale vraag in die hele debat. Dit is die allergrootste vraag aan elke mens - die mees radikale vraag in die geskiedenis:

*"Wat dink julle van die Christus?" [Mt. 22:42}*

Met hierdie vraag van Jesus staan of val die kerk. Die twaalf dissipels - verteenwoordigers van die Nuwe Testamentiese kerk moes dit beantwoord tot hulle naby die oorsprong van die Jordaan was [Cesarea-Filipi volgens Mt. 16:13]. Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes - verteenwoordigers van die Ou Testamentiese kerk moes dit in die tempel beantwoord.

Wie is die Christus? Kom, julle manne van die boekrolle. Wie se seun is Hy?

By hierdie Bybelkenners is daar geen probleem nie. Hulle ken die antwoord uit die Ou Testament: Die Christus is *Dawid* se seun. Daaroor bestaan vir die Fariseërs geen twyfel nie. Ps. 89:4 en die volgende verse sing van hierdie uitverkore kneg Dawid en dat God tot in ewigheid sy nageslag sal bevestig. Dit beloof God met 'n eed. Jesaja profeteer van hierdie "takkie" [die Messias] wat uit die "stomp van Isai" [Dawid se vader] sal uitspruit [Jes. 11:1]. Jeremia profeteer van die "regverdige Spruit van Dawid" en dat Sy naam sal wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID [Jer. 11:5, 6]

Nee, vir die Fariseërs is daar in hierdie saak geen twyfel nie en Jesus moet dit weet: Die Christus is Dawid se seun! Hulle het hulle skuif gemaak en nou is dit Jesus se beurt.

Hy antwoord hulle met Ps. 110:

*"Hoe is dit dat hulle sê dat die Christus die seun van Dawid is? En Dawid self sê in die boek van die Psalms: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Dawid noem Hom dan Here, en hoe is Hy sy seun?"*

### So naby - en tog so ver

En hier staan die ewige Christus nou tussen die Fariseërs. Hy is so naby aan Hom. Hulle kan aan Hom raak. Die lewende Heiland, die seun van Dawid, maar ook die Seun van God! Só naby - en tog só ver. Deur ongeloof so oneindig ver, so verskriklik ver. Hulle ken Ps. 110, maar hulle glo dit nie.

Die uur van waarheid het aangebreek. Op die gesigseinders begin die kruis reeds in die verte verskyn. Hierdie Jesus is ook die Here wat weldra aan die regterhand van God sal sit. Ps. 110 sê dit duidelik. Jesus bevestig hierdie Skrifwoord.

Kom julle Fariseërs, glo julle dit? Nee. Die gesprek is afgehandel. *"Niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meet gewaag om Hom vrae te stel nie"* [Mt. 22:46]

En jy, o mens van vandag - glo jy dat Jesus die Christus is? Sing jy nog Ps. 110, of stap jy maar weg? Jou Koning wat oor die wêreld jou klein lewetjie regeer ... jou Priester wat vir jou sonde die offer aan die kruis gebring het en jou van die ewige dood gered het ... Hy kom om die wêreld te oordeel:

*Die Heer is dit wat tot my Heer gespreek het:*
*"Sit aan my regterhand as hoogste Heer,*
*tot Ek u vyand in sy mag gebreek het,*
*hom werp as voetbank voor u voete neer.*
*[Ps. 110:1 berymd]*

Prof. V.E. d'Assonville


# WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........

Adres: ..........

..........

..........

Poskode: ..........

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..........

Datum: .......... Handtekening: ..........

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u


GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS